# GEBEDSBULLETIN

***Junie se tema:*** **GEDULD—2 Pet 3:15 beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word.**

## DANKSEGGING:

- ✞ Dank die Here vir sy aanraking in ons lewens die afgelope kwartaal.
- ✞ Vir pa's en oupas wat 'n positiewe rol speel in kinders se lewens (Vaderdag).
- ✞ Vir jongmense wat die Here met oorgawe dien (Jeugdag).

## GEBED EN SMEKING:

- ✞ Gesinne wat sonder 'n pa grootword; pa's wat nie vir hulle gesinne kan of wil sorg nie.
- ✞ Jeug - geweld in skole, dwelms, losbandigheid. Bid vir goeie waardes, goeie rolmodelle. Bid vir onderwysers, sportafrigters, jeugleiers.
- ✞ Geduld in huwelike, gesinne, werksplekke, geduld op die paaie.
- ✞ Botswana uitreik - reis, grenspos, verblyf, uitreike, gesondheid (vertrek 22 Junie).
- ✞ Die huidige vlaag van aanvalle op vragmotors.
- ✞ Ons land - plaasaanvalle en -moorde.

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**<u>Vir dankoffers & spesiale projek bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**<u>Vir Geloofsgelofte-bydraes</u>:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886




**BOTSWANA UITREIK:** Baie dankie aan elkeen wat die uitreik ondersteun deur geskenkpakkies saam te stuur, wol, 'n naaldwerkmasjien - alles vir die vrouebediening. Gebreide wolbeertjies vir kinderbediening. Volleybal en net vir jeugbediening, beskuit, koekies en rosyne vir die span wat saamgaan, en almal wat deurentyd ondersteun met die vrugteverkope! Die ondersteuning maak ons almal saam een groot span wat God se liefde in Werda sigbaar maak!

Uit ons gemeente gaan 5 volwassenes en 5 kinders, plus 'n maat van die Patria gemeente saam. Ons totale span is 34. Ons pak die 21ste en vertrek die oggend van die 22ste Junie, en sal weer DV die 5de Julie terugwees - 14 dae uit en tuis. Bid asb vir ons!



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: JUNIE SKOOLVAKANSIE

*"Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? (Romeine 8: 32)*

**EREDIENSTE:** Kerkgebou 09:00 en Vleesbaai 09:30

**KATEGESE EN KINDERKERK:** Begin weer D.V. op 14 Julie.

**NUWE MENSE:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**NEEM ASB KENNIS:** **Ds Danie** is 15-26 Jun en **Ds André** is 27 Jun tot 8 Jul met verlof. **Ds Robert** is DV 17 Jun-9 Jul op die Botswana-uitreik. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus vir ds André of ds Danie.

**DEURKOLLEKTE:** Soos op die gemeente se jaarprogram.

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Geen Bybelstudies.

**KOSKAS:** **Junie** is **Streek C** en **Julie** is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**HAP EN KRAP:** Ons hou weer 'n tweedehandse verkoping met kitsetes DV op 29 Junie, 09:00 tot 12:00. Kom ondersteun asb. Ons het die fondse baie nodig!

**TE KOOP:** Ongeskilde perskes @ R65 p/kg, rosyne R50p/kg.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie eetgoed ens na die Kinderhuis te neem. Die volgende word benodig: Skoonmaakmiddels (Poeierseep, handy andy, skottelgoedseep, vadoeke). Toiletware (Shampoo, toiletseep, handeroom, waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsies, polonie en kaas. Chips en snacks, Grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 5 Julie 2019 in by kerkantoor. Navrae: Joey de Jager 073 2988 142 of 044 6910116.